

## 12 KRITIESE OËNSKOU

### 12.1 Histories-pedagogiese oorsig, 1838-1910

#### 12.1.1 Prinsipiële agtergrond

Verskeie Afrikaner-gesinne het sedert die dertigerjare van die vorige eeu hulle plase in die Oostelike grensdistrikte van die Kaapkolonie verlaat en na die Transvaal getrek. Die oorsake wat onder andere die aanleiding tot dié verhuising tot gevolg gehad het, was hulle verset teen die materialisties-imperialistiese lewensbeskouing van die veroweraars, en die doelbewuste verengelsingsveldtog.

Gedurende die vestigingsjare (voor 1860) was die plaasmense nie deur die volksvreemde lewensbeskouing beïnvloed nie. Die pioniersbevolking van Transvaal kon dus op tradisionele wyse hulle taal, godsdiens, nasieskap en Christelik-gefundeerde demokratiese lewensbeskouing uitleef. Die landelike bevolking se Protestants Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing was dus alreeds gevorm toe die Engelse vanaf die sestigerjare van die vorige eeu die politieke en staatkundige arena van die Zuid-Afrikaansche Republiek betree het.

### 12.1.2 Histories-pedagogiese agtergrond

Die beskeie onderwyspogings deur die rondgaande privaathuisonderwysers op plase voor die sewentigerjare van die vorige eeu was prakties en het aan die eise van die tyd voldoen. Dit het ten nouste aangesluit by die landelike omgewing en die besondere lewensomstandighede. Plaasouers het hoogstens van die skoolonderwys verlang dat dit genoegsame geleerdheid aan hulle kinders sou verskaf om die Bybel selfstandig te kan lees en om aan die minimum vereistes te voldoen om lidmaat van die kerk te kan word. Gedurende daardie jare het die formele onderwyspogings op plase van partikuliere inisiatief uitgegaan. Die staatskiss was leeg en die owerheid kon nie die nodige geldelike bydraes maak om 'n georganiseerde onderwysstelsel op die platteland te bevorder nie.

Die stryd wat die plaasskool gedurende die jare van die Zuid-Afrikaansche Republiek gevoer het om te bestaan, moet teen die agtergrond van die politieke woelinge, die ernstige kerklike twiste en die sosiale en maatskaplike omstandighede gesien word. Bogenoemde faktore, asook faktore soos die skaarste aan bevoegde onderwysers, die tekort aan nie-blanke plaaswerkers, die gebrek aan doelmatige skoolgeboue en onderwysfasiliteite het die nouste

verband met die ontwikkelingsgeskiedenis van die plaasskole gehad. Genoemde faktore het ook die doeltreffendheid van plaasskole ten opsigte van die onderwysgehalte uiters nadelig beïnvloed.

Na die ontdekking van diamante en goud het fortuinsoekers na die Transvaal gestroom. Vir die plaasmense, wat die draers van die tradisionele Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing van die Afrikaner was, was die nuwe liberale en materialistiese lewensbeskouing van die vreemdelinge onaanvaarbaar.

Die landelike bevolking het in opstand gekom teen die liberale tendense wat in Wet no. 4, 1874 (asook in die Onderwysregulasies gedurende die eerste besettingstydperk) vervat is. Die plaasouers het geweier om hulle kinders na die staatsondersteunde wykskole te stuur en verkies om self die nodige voorsiening vir die skoolonderwys van hulle kinders te maak. Gedurende die sewentigerjare van die vorige eeu was die aanvraag na privaat-huisonderwysers op die afgeleë boereplase sterker as ooit vantevore.

Na die herwinning van die onafhanklikheid (1881) het daar onder die Du Toit-Mansvelt-superintendentskap 'n bloeitydperk vir die plaasskoolstelsel gevolg. Die C.N.O.-begin=

sels wat in Wet no. 1 van 1882, asook in Wet no. 8 van 1892, vervat is, het by die ortodoks-godsdienstige geaardheid van die plaasmense gepas.

Benewens die feit dat die toelaag-per-kindstelsel (ongeach die aantal kinders wat die skool besoek het) die voordeel vir die ylverspreide plattelandse bevolking ingehou het dat hulle ook ten behoeve van die onderwys ten volle van die regeringsubsidie gebruik kon maak, het die skoolkommissies en onderwysers ook nog gepoog om soveel as moontlik kinders in die plaasskole te kry. Weens die feit dat geen minimum grens ten opsigte van skoolgetalle nodig was alvorens 'n skool gestig kon word nie, is plaasskooltjies tot in die verste uithoeke van die Z.A.R. opgerig. Ongelukkig het die toelaag-per-kind tot wanpraktyke gelei. Ter wille van dié toelae is kinders te jonk by plaasskole ingeskryf, òf die name van kinders wat reeds die skool verlaat het, is op die skoolregister gehou. Die snelle toename in die aantal klein plaasskooltjies, soms met so min as drie of vier leerlinge, het tot 'n verlaging van die onderwyspeil gelei.

Nadat S.J. du Toit in 1891 finaal as Superintendent bedank het, het N. Mansvelt, die laaste Superintendent van Onderwys tydens die

jare van die Z.A.R., op 1 Oktober 1891 diens aanvaar. Daar was geen ingrypende hervormings nodig nie, en Mansvelt het dit as sy taak gestel om die onderwys (veral in die buiteland) op 'n stelselmatige wyse te organiseer, administreer en finansier.

Wet no. 8, 1892, was 'n voortbouing op die Du Toit-onderwyswet. Dit was egter vollediger, en het van die leemtes in die Du Toit-wet uitgeskakel.

Die Mansvelt-onderwyswet, wat 'n Christelik-nasionale onderwysstelsel met die moedertaal as medium van onderrig beoog het, het die onderwysadministrasie op 'n hegte grondslag geplaas en die inspeksiestelsel, waardeur meer professionele leiding aan die onbevoegde plaas-skoolonderwysers gegee kon word, is uitgebrei en beter georganiseer. In teenstelling met Du Toit se stelsel van desentralisasie in die onderwys, het die Mansvelt-wet die reg aan die Superintendent verleen om die vinnige vermeerdering van ondersteunde skole in dieselfde omgewing teen te gaan. Sodoende kon meer kinders in groter skole met bevoegde onderwysers en beter onderwysfasiliteite saamgetrek word.

Vanaf die sporadiese onderwyspogings van die boeregemeenskappe gedurende die beginjare deur rondgaande huisonderwysers, het die skoolstel-

sel op die plase gedurende die vorige eeu ontwikkel tot 'n georganiseerde staatsondersteunde onderwysstelsel wat in 1898-9 sy hoogtepunt bereik het. Tydens die Paryse wêreldtentoonstelling van 1900 het die Z.A.R. 'n besondere internasionale erkenning ontvang toe sy uitstalling, tesame met onderwysverslae, met die „Grand Prix" bekroon is.<sup>1)</sup>

Die ontwikkeling van die plaasskoolstelsel vanaf 1867 tot 1898 blyk uit die volgende statistiese gegewens:<sup>2)</sup>

Periode	Jaar	Aantal gesubsidieerde plaasskole
Uitvoerende Raad	1867	13
T.F. Burgers	1873	10
	1876	5
Eerste Britse besettingsperiode	1879	9
S.J. du Toit	1882	34
	1886	78
	1887	100
H. Stiemens	1888	159
	1890	262
N. Mansvelt	1891	453
	1893	353
	1895	367
	1898	432

## Tabel LVI

- 1) Het algemeen Nederlandsche verbond. De regering der Zuid-Afrikaansche Republiek en het onderwijs.
- 2) Vgl. hoofstukke 4-6.

Uit bogenoemde syfers is dit duidelik dat die ontwikkelingslyn wat getrek kan word om die vooruitgang van die plaasskoolstelsel aan te dui, geen reguit lyn sal wees nie. Dit sal 'n golwende lyn wees, met opgaande krommes om die vermeerdering van die aantal plaasskole aan te dui, en afgaande krommes wat laagwatermerke en/of 'n vermindering van die getal plaasskole sal aantoon. Vanweë die tekort aan geld kon die Uitvoerende Raad gedurende die sestigerjare nie die nodige finansiële ondersteuning aan die plattelandse bevolking bied om die plaasskoolstelsel te stimuleer nie. Gedurende die Burgers-regime is die plaasskool ernstig verwaarloos. Onderwyswet no. 4 van 1874 het die klem van primêre onderwys, waarvoor daar 'n groot behoefte was by die plaasmense, na gevorderde onderwys by die groter sentra verskuif. Deur middel van 'n eenvoudige subsidiestelsel waarvolgens 'n toelaag-per-kind uitbetaal is, en geen minimum inskrywing vereis is om 'n skool te stig nie, het gelei tot 'n triomfantlike opbloei van die plaasskoolstelsel. Na die ampsaanvaarding van N. Mansvelt het die getal plaasskole verminder, dog deur middel van sy beleid van onderwyskonsentrasie is meer kinders by bestaande plaasskole byeengebring waardeur die onderwysgehalte verbeter kon word.

Met die uitbreek van die oorlog tussen die

Boererepublieke en Engeland het alle georganiseerde onderwys in Oktober 1899 tot stilstand gekom. In 'n poging om die uitgerekte stryd, wat volgens die Britse owerheid slegs enkele maande sou duur, te beëindig, is besluit om alle plaasopstalle, vee en landerye van die strydende burgers te vernietig, en om die vrouens en kinders in konsentrasiekampe saam te trek. E.B. Sargant, wat in November 1900 deur Lord Milner aangestel is om die onderwys in die besette Boererepublieke te organiseer, het in die groot sametrekking van die plaaskinders in die konsentrasiekampe 'n unieke geleentheid gesien om die Afrikanerkind te verengels. Na die stigting van die eerste Transvaalse kampskele in April 1901, het die kampskelestelsel in so 'n mate uitgebrei dat daar tydens die vredesluiting op 31 Mei 1902, meer as 17 000 kinders in die Transvaalse kampskele onderwys ontvang het.

Nadat die burgers na afloop van die Tweede Vryheidsoorlog by hulle deur-die-oorlog-uitgedunde gesinne aangesluit en na hulle verwoeste plase teruggekeer het, moes hulle met ontsteltenis waarneem (veral met die onderdrukking van die moedertaal) dat hulle kinders in 'n minderwaardige posisie geplaas is. Die Afrikaans-georiënteerde plaasskele met hulle Hollandse onderwysers is doelbewus deur die veroweraars afgetakel. Hierteenoor het ge-



sentraliseerde goewermentskole, wat met die hulp van Engelse onderwysers(esse) op plase gestig is, die doel gedien om die Boerejeug te denasionaliseer en te verengels. Die nuwe gesentraliseerde goewermentskole het aanleiding gegee tot die versteuring van die gesinsverband. Die Republikeinse plaasskoolonderwysers(esse) is deur Engelse onderwysers(esse) vervang en die moedertaal (Hollands), godsdiens en vaderlandse geskiedenis het òf uit die kurrikulum verdwyn, òf dit het 'n ongeskikte plek ingeneem. Die nuwe Engelse owerheid het in 1902-3 goeie vordering met die stigting van plaasskole gemaak, want in Desember 1903 was daar uit die totaal van 373 primêre skole minstens 269 plaasskole.

Soos alreeds aangedui, het die uitgedunde en verarmde landelike bevolking in verset teen die verengelsingsveldtog en dreigende volksvernietiging gekom. Die C.N.O.-gedagte is as wapen teen die denasionaliseringsveldtog van die veroweraar aangegryp, en privaat C.N.O.-skooltjies is, met geldelike hulp uit Nederland, in die verskillende plattelandse distrikte opgerig. Baie plaasmense het geweier om hulle kinders na die volksvreemde goewermentskole te stuur, en spoedig het die C.N.O.-skole so veld gewen dat dit 'n gevaar vir die goewermentskoolstelsel begin inhou het.

Die poging om dié twee botsende lewensbeskouinge in Transvaal te beëindig in die Smuts-onderwyswet (1907), is deur die meerderheid van die plaasmense beskou as 'n versaking van die tradisionele Afrikaanse onderwysbenadering wat hulle gehuldig het.

Ten spyte van die feit dat Wet no. 25, 1907, die C.N.O.-plaasskole die nekslag toegedien het, het die C.N.O.-beginsel na Uniewording by baie plaasskoolonderwysers onverswak bly voortleef. Bewus of onbewus het hulle gedurende al die jare die C.N.O.-beginsel in hulle beskeie skooltjies uitgeleef. Sodoende kon hierdie beginsels deel van die Afrikaner se Christelik-nasionale karakter bly.

In ooreenstemming met die tradisionele Christelik-nasionale onderwysstelsel bepaal Wet no. 39, 1967, dat die onderwys 'n Christelik en breë Nasionale karakter moet hê.<sup>3)</sup> Dit maak voorsiening vir moedertaalonderwys, en oersegenskap deur middel van skoolkomitees en skoolrade.<sup>4)</sup>

12.2 Die vervreemding van een- en tweemanskooltjies van die lewenswerklikheid, en die sen=

3) Wet no. 39, 1967, art. 2(1) a, b.

4) Ibid., art. 2(1) c, h.

tralisasiebeleid na 1910

Nadat die plaasskool (vanweë die feit dat dit die vereiste skoolonderwys vir kerklidmaatskap kon verskaf) gedurende die jare van die Z.A.R. aan die eise van die tyd voldoen het, het dit vanaf die begin van die twintigste eeu al hoe meer van die lewenswerklikheid vervreemd begin raak.

Die gesentraliseerde goewermentskoolstelsel wat op die Milner-Sargant-onderwysbeleid gebaseer was, het nie inslag by die landelike bevolking gevind nie. Daar moes dus sedert die begin van hierdie eeu voortdurend gelap word aan 'n onderwysstelsel wat geskik vir die kinders van die plaasmense was. Die stelsel kon nie bevredig nie weens die feit dat dit op 'n anti-Suid-Afrikaanse grondslag geskoei was.

Dit blyk dat die plaasmense oor die algemeen nog steeds gebonde aan dié beginsels was waaraan hulle hul ontstaan en voortbestaan te danke gehad het. Dié mense het, ten spyte van al die aanpassings en hervormings om die plaasskooltjies by die veranderde tydsomstandighede te laat aanpas, min belangstelling in voortgesette skoolonderwys vir hulle kinders getoon. A.J. de Vos, Skoolinspekteur, het hom in 1913 oor hierdie aangeleentheid soos volg

uitgelaat: „When one contrasts this (die gebrek aan belangstelling) with the average native's thirst for knowledge one is inclined to become pessimistic with regard to the future of a large section of the country population".<sup>5)</sup>

Op grond van die feit dat die samelewing vanaf die twintigerjare al hoe meer gekompliseerd begin word het, het daar 'n klemverskuiwing van die primêre na sekondêre onderwys plaasgevind. Daar is steeds hoër vereistes aan die jong mense gestel om goeie betrekings te bekom.

Baie plaaskinders het die plaasskooltjies sonder genoegsame skoolgeleerdheid verlaat, en hulle op plase gaan vestig waar hulle hul ouers met die boerderybedrywighede behulpsaam moes wees. As gevolg van terugslae met die boerdery moes verskeie verarmde boere met hulle gesinne die plase verlaat om na die stede en groter dorpe te verhuis met die vertroue dat hulle 'n beter bestaan daar sou vind. Vanweë hulle skamele skoolgeleerdheid het die plaasmense dit moeilik gevind om goeie betrekings in die stedelike sentra te vind. Baie mense was met tye werkloos, en dit het tot die armlankedom bygedra wat gedurende

5) T.E.D. Report, 31.12.1913, p.87.

die dertigerjare sterk op die voorgrond begin tree het.

In 'n poging om plaasouers aan te moedig om hulle kinders, na die voltooiing van die primêre skoolkursus, vir minstens twee of drie jaar sekondêre onderwys te laat geniet, is daar in 1927 by sewe plaasskole intermediêre kursusse ingestel. Hierdie proefneming het nie die verwagte ondersteuning geniet nie, en in 1931 was daar nog slegs vier intermediêre plaasskole oor.

Tydens kerklike en ander kongresse in die vroeë dertigerjare is dringende vertoë tot die Provinsiale owerheid gerig om 'n beter aanpassing van die onderwysgeriewe by die behoeftes van die plattelandse bevolking, en om die oprigting van selfonderhoudende sekondêre plaasskole.<sup>6)</sup> In 1935 is die eerste vyf skoolplase, wat bestem was om onderwys tot en met die agtste standerd aan plaaskinders te verskaf, opgerig. Die getal skoolplase het geleidelik vermeerder sodat daar reeds tien van die beoogde twaalf skoolplase in Desember 1950 opgerig was. Die skoolplase het nie aan

6) Die skoolplaasbeleid wortel in die negentigerjare van die vorige eeu, want N. Mansvelt het alreeds in 1895 voorgestel dat 'n „modelboerderij“, met 'n ambagskool daaraan verbonde, vir die landelike bevolking opgerig moes word.

hulle doel beantwoord nie, en hierdie interes= sante ontwikkeling ten opsigte van die voor= siening van sekondêre onderwys aan plaaskin= ders het misluk. Op grond van 'n aanbeveling van die Lynch-kommissie (1949) is die meeste skoolplase gedurende 1951-2 óf tot gewone sekondêre skole, óf tot skole vir afwykende kinders omskep.

Voortvloeiend uit die ernstige bedenkinge wat daar bestaan het oor die doeltreffendheid van die onderwys by die klein plaasskooltjies, het die tweede, finale en kragdadige toepas= sing van die sentralisasiebeleid in 1936 begin. Dit het moeilik gegaan om die plaasmense van die voordele wat die sentrale skole bo die een- en tweemanskooltjies ingehou het te oor= tuig, en om hulle samewerking te verkry.

Dit was gedurende daardie jare alreeds duide= lik dat bevoegde onderwysers(esse) nie meer bereid was om, vanweë die gebrek aan geskikte huisvesting, min maatskaplike geriewe en on= doelmatige onderwysfasiliteite, diens by klein plaasskooltjies te aanvaar nie. Die tekort aan onderwysers(esse), asook die voortdurende verwisseling van plaasskoolonderwysers(esse), het die gehalte sowel as die kontinuïteit van die onderwyspogings by plaasskole nadelig ge= tref.

Voorstanders van die sentralisasiebeleid het geglo dat groot, volledig toegeruste plaasskole die logiese oplossing van die probleem is. Daardeur kon beter onderwysfasiliteite tot die beskikking van plaaskinders gestel word. Deur middel van onderwyskonsentrasie op die platteland word beoog om „... so'n goeie skool as moontlik in elke omtrek waar die bestaan daarvan geregverdig kan word, op te rig en om die kinders na daardie skool te bring”.<sup>7)</sup>

Sentrale plaasskole beskik tans oor koshuise (waar plaaskinders onder gunstige omstandighede gehuisves word), of die leerlinge word per skoolbus na en van die skole vervoer. In so 'n sentrale skool kan meer skoolvakke en doeltreffender onderwys aangebied word, aan buiteskoolse bedrywighede kan deelgeneem word, kultuurverenigings kan gestig word, biblioteke kan opgerig en uitgebou word, beter onderwysers kan gelok word en in die provinsiale koshuise geniet die kinders goeie versorging. Dit is dus moontlik dat plaaskinders by gesentraliseerde plaasskole, veral die koshuisleerlinge, in byna al die voorregte kan deel wat kinders by skole in die groter sentra geniet. Benewens die verdienstelike

7) Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie, 1937, p.131, par. 450.

werk wat by sentrale plaasskole gedoen word, dien hulle ook as belangrike kultuursentra van die verskillende plattelandse gemeenskappe waarin hulle geleë is.

Met die uitsondering van enkele besware wat in die verlede teen sentralisasieskemas geopper is, het die skoolinspekteurs dit van tyd tot tyd aangeprys. R.E. Lighton, Inspekteur van Onderwys, het die voordele van sentrale skole in die Pietersburgse distrik in 1949 soos volg beskryf: „Die sentrale skole in hierdie uitgestrekte ylbewoonde gebied, die gehalte werk wat hulle lewer, die opvoedingswerk wat hulle verrig, en die tipe onderwysman wat daar ontwikkel, die getuig op sprekende wyse van die uitmuntende waarde van die sentralisasiestelsel ...”<sup>8)</sup>

Die praktiese toepassing van die sentralisasiebeleid sedert 1910 blyk uit die volgende gegewens:<sup>9)</sup>

Jaar	Aantal plaasskole
1910	546
1920	799
1930	925
1935	849
1940	533
1950	342
1960	288
1964	261

Tabel LVII



Uit bostaande syfers blyk dit dat die aantal plaasskooltjies gedurende die tydperk 1910 tot 1930 geleidelik toegeneem het vanweë die feit dat die pogings om te sentraliseer nie so omvangryk was nie. Die vermindering van die aantal plaasskole gedurende die tydperk 1930-1935 was te wyte aan die skole wat vanweë besuinigingsmaatreëls gedurende die depressie=jare moes sluit, asook die ontvolking van die platteland. Die skerp daling in die getal plaasskole na 1935 is die gevolg van die doel=gerigte toepassing van die sentralisasiebeleid wat in 1936 van stapel gestuur is.

Waar sentrale skole gerieflik vanuit die ouer=huisse besoek kan word, kan geen besware teen sentralisasie ingebring word nie. Sodra dit nodig word om plaaskinders oor lang afstande na en van die skole te vervoer, òf in koshuise te plaas, word die opvoedkundige tot nadenke gedwing. Ten spyte van die ongerief wat deur vermoeiende ritte met skoolbusse veroorsaak word, verkies die meeste plaasouers die skool=busvervoerskemas bo die koshuise. Skoolbus=vervoerskemas het dié voordeel bo koshuise dat kinders vanuit hulle ouerhuise die skool kan besoek, waardeur die huislike invloed in die opvoeding van die kind nie versteur word nie.

8) T.O.D. Verslag, 31.12.1949, p.79.

9) Vgl. hoofstuk 9.

12.3 Die sentrale plaasskool en die ouerhuis ten opsigte van enkele fundamentele opvoedingsdoelstellinge

12.3.1 Godsdienstige doel

Christen-gelowige plaasouers lê die doopbelofte af in die wete dat dit hulle persoonlike verantwoordelikheid is om toe te sien dat hulle kinders in die Christelike leer onderlig word. Waar die kinders vanuit die ouerhuis die sentrale plaasskole kan besoek, is dit vir die ouers moontlik om hulle verantwoordelikheid ten opsigte van die godsdienstige opvoeding van hulle kinders na te kom, omdat die eenheid van die gesin behoue bly. Ouers vind dit makliker om elke kind individueel na sy aard in die ouerhuis op te voed, en koshuise verbonde aan sentrale plaasskole kan die godsdienstige opvoeding van die ouers nie vervang nie.

Geen ware Protestants-Christelike opvoeding kan in 'n plaasskoolstelsel, met 'n beleid van nie-leerstellige godsdiensonderwys, gegee word nie. Die Christen-plaasskoolonderwyser kan ook nie heeltemal objektief teenoor Bybelse geskiedenis staan nie, want om die plaaskind te help om in 'n persoonlike geloofsverhouding tot God, sy Maker, te kom, moet daar aan dogmatiese begrippe ten opsigte

van skepping, sondeval, verlossing en eind=  
verwagting plek gegee word. Die oortuigde  
Christen-onderwyser moet dus die Protestants-  
Christelike beginsels as voorhoofsband dra.

### 12.3.2 Nasionale doel (i.c. Christelik-nasionaal)

Christelik-nasionale opvoeding kan in plaas=  
huise, waar die huisgesinne nog hegte eenhede  
vorm, in 'n groter mate tot sy reg kom.

Plaaskinders is nie so direk aan die nadelige  
en soms afbrekende invloede wat in die stede  
bestaan, onderhewig nie. Hulle lewe nader  
aan die Afrikaanse bodem, die fauna en die  
flora. Die plaaskind leer om sy vaderlands=  
grond, dié grond waaruit die gesin ook hulle  
daaglikse brood haal, lief te kry. Die lief=  
de vir die moedertaal ontwikkel ook makliker  
in so 'n milieu soos dié van die plaasgesin.<sup>10)</sup>

Wanneer plaaskinders in koshuise geplaas word,  
verbeur hulle grootliks die voorreg om in die  
natuur, wat hulle leer liefkry het, te werk  
en te ontspan. Koshuiskinders kan selfs la=  
ter so van die plaaslewe vervreem dat hulle  
nie daarheen wil teruggaan nie. In koshuise  
kan individue maklik aan die groep ondergeskik  
gestel word, en dit is in stryd met die Chris=

10) VISSER, op. cit., p.7-8.

telik-nasionale lewensopvatting van die Afrikaner-boer.<sup>11)</sup>

### 12.3.3 Sosiale doel

Vanweë die feit dat die huisgesin groot waarde in die sosiale opvoeding van kinders het, is plaaskinders wat sentrale skole vanuit hulle ouerhuise kan besoek, bo die kosgangers bevoorreg.

Op die plase leer die kinders die wisselvaligheid van die natuur, en die gevare en siektes wat die boerderybedryf bemoeilik, ken. In die plaasgesinne kan die verhewe opvoedingsdoel om die kind te lei om God te leer ken en vrees, die waarheid te soek, die kwaad te ontwyk, die goeie te doen en om die vrede na te jaag, makliker bereik word.<sup>12)</sup>

Plaaskinders kan op 'n natuurlike wyse leer dat verhoudinge wat met die medemens aangaan word nie op selfsug moet berus nie. In tye van siekte moet die plaasmense waar nodig, vanweë die afstande van die gespesialiseerde hulp van 'n mediese praktisyn, mekaar bystaan. Ook in tye van nood en teenspoed in die boer-

11) Ibid., p.14.

12) Vgl. COETZEE, J.C. Inleiding tot die Algemene Historiese Opvoedkunde, p.284.

derybedryf staan die geteisterdes nie alleen nie. Voorts kan elke lid van die huisgesin 'n positiewe bydrae lewer om al die verskil=lende take op die plaas te verrig. Sodoende kweek plaaskinders makliker die deug van ar=beidsaamheid, wat van groot waarde vir die sosiaal-sedelike opvoeding van die kind is, aan. <sup>13)</sup>

J. Waterink beskryf die vorming van die sterk karakters en persoonlikhede, wat eie aan die plaasmense is, soos volg: „Het feit, dat er op het platteland vaak zoveel meer sterke per=soonlikheden en karakters gevonden worden is verklaarbaar, doordien bij de gezinnen op het platteland de kinderen eerst mogen meepraten, wanneer zij iets presteren. De jonge mensen worden door nog beoordeeld naar wat zij doen, niet naar wat zij praten kunnen. Daardoor is het met persoonlijkheid- en karaktervorming op het platteland dikwijls zooveel gunstiger gesteld dan in de grote steden". <sup>14)</sup>

Die kind moet van jongs af geleer word om gesag te erken omdat God, die ouers, die owerheid en die mense waarmee hy saamleef van hom gehoorsaamheid aan bepaalde wette en norme

13) Vgl. VISSER, op. cit., p.8.

14) WATERINK, J. Theorie der opvoeding, p.476.

eis. In die plaasgesin, en in die plaasskool met veel minder leerlinge as die groot skole in stede en dorpe, leer elke individuele kind om homself te handhaaf, maar hy leer ook wat sy regte en pligte as lid van 'n groep is. Die aanleer van gehoorsaamheid en gesag kan in die plaasskool makliker plaasvind omdat die omstandighede (as gevolg van die goeie verhouding tussen die ouer, onderwyser en kind) daar gunstiger is. Gesag kan nie van 'n goeie verstandhouding en liefde geskei word nie, omdat "... het gezag zelf liefde is en de liefde zelf gezag is".<sup>15)</sup>

Die funksie van die plaasskool is so vroeg as 1906 deur John E. Adamson, Direkteur van Onderwys, soos volg beskryf: "The schools themselves should be more than places where children assemble. They should be centres whence intellectual and social life can radiate. This is especially true of the farm schools. The schoolroom may well be the farm reading room, and the school library the farm library. The simple and primitive conditions of life on the farms are the very conditions under which the school may act as a growth-centre for the corporate life of adults as well as children. There is, further, no reason why

15) Ibid., p.98.

the schools should not be the focus of common interest and pride".<sup>16)</sup>

Bogenoemde uitspraak het van die Transvaalse plaasskool veel meer verwag as om bloot die plek te wees waar plaaskinders kon skoolgaan. Vir baie jare het plaasskole dan ook as die kultuursentra, die ligpunte en kragbronne van hulle onderskeie omgewings gedien, dog die maatskaplik-sosiale toestande het vanaf die tweede helfte van hierdie eeu op die platte-land begin verander.

Waar die karaktervaste en ewewigtige onderwyser in die verlede (as vriend en vertroueling van die gemeenskap) 'n heilsame invloed op die plaasmense kon uitoefen, voel die onderwyser in die hedendaagse vooruitstrewende en welvarende boerderygemeenskap hom dikwels minderwaardig. Baie boere is tans geestelik en finansieel die onderwyser se meerdere, met die gevolg dat die plaasskoolonderwyser vandag kwalik so 'n leidende rol kan vervul.

Die huidige skool (met sy eensydige rasionele gerigtheid) is hoofsaaklik op die ontwikkeling van die intellek en die geheue ingestel. Vanweë die kleiner leerlingtal, min onder-

16) T.E.D. Report, 30.6.1906, p.46.

wysers(esse) en tekort aan onderwysfasiliteite kan pedagogiese beginsels soos differensiasie en spesialisasie kwalik tot hulle regkom. Dit gaan ook steeds moeiliker om die dienste van bevoegde onderwysers by plaasskole te bekom, trouens die man is besig om uit die primêre skool te verdwyn.